BKB Beperk
Registrasienommer: 1998/012435/06
("BKB")

VKB Beleggings Eiendoms Beperk
Registrasienommer: 2011/007000/07
("VKB")

30 September 2020

GESAMENTLIKE AANKONDIGING: TRANSAKSIES TUSSEN BKB EN VKB

Aandeelhouers van BKB en VKB ("**BKB & VKB Aandeelhouers**") word verwys na die aankondiging van 2 Julie 2019 waarin aandeelhouers ingelig was aangaande, onder andere, die bekendstelling van VKB as aandeelhouer in BKB.

Met hierdie aankondiging wil die onderskeie direksies van BKB en VKB (die "**Direksies**") die BKB & VKB Aandeelhouers asook ander belanghebbendes van BKB en VKB inlig rakende verdere verwikkelinge wat van belang is.

Agtergrond

1. Soos op 2 Julie 2019 aangekondig, het BKB en VKB in gesprekke getree rakende 'n moontlike geleentheid om sinergieë tussen hul onderskeie besighede en/of sekere van hul bedrywighede te ondersoek ("**Potensiële Kombinasie Transaksie**").

2. Ter nastrewing van die bogenoemde, het BKB en VKB voorheen onderneem om vir 'n tydperk gesprekke te voer, ter goeder trou en as 'n gesamentlike poging ("**Gesprekke**"), om 'n gepaste struktuur vir die Potensiële Kombinasie Transaksie te ondersoek, welke struktuur onderhewig was daaraan dat wedersydse ooreenkoms tussen BKB en VKB bereik word rondom die voorgestelde transaksies wat ondersoek word ("**Voorgestelde Transaksies**").

3. Voortspruitend uit die voorafgenoemde Gesprekke, word BKB & VKB Aandeelhouers verder in kennis gestel dat BKB en VKB 'n ooreenkoms gesluit het wat dien as 'n oorhoofse raamwerk vir die gesamentlike nastrewing van die Voorgestelde Transaksies ("**Raamwerkooreenkoms**").

4. Gevolglik kommunikeer die Direksies hiermee graag aan BKB & VKB Aandeelhouers die oorhoofse terme van die Voorgestelde Transaksies wat in beginsel tussen BKB en VKB ooreengekom is en dienooreenkomstig nagestreef gaan word soos vervat in die Raamwerkooreenkoms.

5. Die Voorgestelde Transaksies behels dat die volgende nuwe "gesamentlike besighede" beoog om gevestig te word:

    5.1. ***Handel en Brandstof*** – hierdie word beoog om te bestaan uit die konsolidasie van die onderskeie handelstakke van BKB en VKB Landbou Eiendoms Beperk ("**VKB Landbou**") 'n filiaal van VKB, insluitend hul onderskeie brandstof besighede ("**Handel en Brandstof Transaksie**"); en

    5.2. ***AgriFin*** – in wese sal hierdie bestaan uit die konsolidasie van BKB en VKB Landbou se onderskeie finansieringsbesighede met betrekking tot produksie- en seisoen-rekeninge, termynlenings en ander rentedraende kredietlyne ("**AgriFin Transaksie**").

<u>Handel en Brandstof Transaksie</u>

6. Die hoofdoelstellings van die Handel en Brandstof Transaksie sluit die volgende in:

    6.1. koste besparings deur BKB en VKB se huidige verspreidingsnetwerke te sentraliseer;

    6.2. die behoud van BKB en VKB se onderskeie handelsmerke asook die huidige handelstakke in 'n enkele houermaatskappy om produsente en ander kliënte van die beste diens te verskaf; en

    6.3. die behoud en bevordering van die swart ekonomiese bemagtiging status van die onderskeie brandstof besighede.

7. Die Handel en Brandstof Transaksie sal geïmplementeer word deur die konsolidasie van al die handelstakke van BKB en VKB, op 'n wyse waar:

    7.1. die onderskeie en aparte handelsmerke van BKB en VKB behou word; en

    7.2. die winste aan die onderskeie besighede van BKB en VKB effektiewelik uitgekeer word aan die aanvanklike eienaars daarvan (d.w.s BKB of VKB).

8. Die aansporingskema ten gunste van die produsente van VKB sal behoue bly. BKB sal die winste uit sy handelstakke en vulstasies as dividende ontvang wat gevolglik ook aan BKB aandeelhouers uitgekeer kan word.

9. Elk van BKB en VKB se handelstakke en vulstasies sal hul eie personeel en bestuur behou. Daar word nie verwag dat daar afdankings van werknemers sal wees as gevolg van die Voorgestelde Transaksies nie.

10. Dit is vir die Direksies belangrik dat die huidige benadering en fokus van beide BKB en VKB om die beste diens aan produsente en kliënte te lewer, behoue bly en bevorder moet word.

AgriFin Transaksie

11. Die doelstellings van die AgriFin Transaksie sluit die volgende in:

    11.1. die voorgenome verkryging van langtermyn befondsing vir die finansieringsbesighede van BKB en VKB teen kompeterende koerse;

    11.2. die diversifikasie van huidige finansieringsprodukte; en

    11.3. die uitbreiding van die geografiese streke waarin uitgebreide finansieringsdienste gelewer kan word.

12. Die AgriFin Transaksie word beoog om geïmplementeer te word deur die samevoeging van die onderskeie finansieringsbesighede van BKB en VKB.

13. Hierdeur word daar voorsien om die gekombineerde finansieringsbesigheid sodanig te posisioneer ten einde die behoeftes van BKB en VKB se produsente en kliënte aan te spreek deur ‘n reeks innoverende en kompeterende finansieringsprodukte spesifiek te ontwikkel vir die landbou omgewing.

Ten Slotte

14. Die ander besighede van BKB wat nie hierbo genoem is nie (onder andere lewendehawe, vesel (wol en sybokhaar) asook PakHouse Brands) sal nie deel vorm van die Voorgestelde Transaksies nie, maar sal behoue bly in BKB as houermaatskappy.

15. Soortgelyk sal VKB se ander besighede, insluitend die beduidende graan besigheid en VKB Agri Processors Eiendoms Beperk, nie deel vorm van die Voorgestelde Transaksies nie.

16. Die Direksies sien uit na die moontlikhede en geleenthede vir waardeskepping wat die Voorgestelde Transaksies inhou.

17. Al die bogenoemde is onderhewig aan voldoening aan relevante regulasies en wetgewing, insluitende kompetisie wetgewing, en verdere aankondigings sal dienooreenkomstig gemaak word in hierdie verband.

18. As gevolg van die grootte van die Voorgestelde Transaksies, word goedkeurings van aandeelhouers nie vereis nie.

GESAMENTLIKE UITREIKING NAMENS DIE DIREKSIES VAN BEIDE BKB EN VKB.

30 SEPTEMBER 2020

Korporatiewe Transaksie-Adviseur
pallidus.co.za

- EINDE -